



Universiteit van Pretoria

**GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSBESTUUR.
'N OPLOSSING VIR DIE
ONTWIKKELINGS-BEWARINGSKONFLIK
IN SUID-AFRIKA**

Prof W F van Riet

TUK 363.7063
VAN RIET

**GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSBESTUUR.
'N OPLOSSING VIR DIE ONTWIKKELINGS-
BEWARINGSKONFLIK IN SUID-AFRIKA**

Prof W F van Riet

Intreerede gelewer op 8 Junie 1989 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Landskapargitektuur, Fakulteit Natuurwetenskappe aan die Universiteit van Pretoria.


2295631

b. 11366850

CURRICULUM VITAE

PROF WILLEM FREDERIK VAN RIET

Willem Frederik van Riet is op 30 Maart 1942 in Kaapstad gebore. Hy matrikuleer in 1958 aan die Worcester-Seuns-Hoërskool, waarna hy sy Universiteitsopleiding aan die Universiteit van Kaapstad begin en die BA-graad in 1967 behaal. In 1972 sit professor Van Riet sy studies in die VSA voort, en wel aan die Universiteit van Pennsylvania waar hy einde '74 die ML Arch-graad verwerf. In 1988 behaal hy die PhD-graad in Landskapargitektuur aan die Universiteit van Pretoria.

By sy terugkeer na Suid-Afrika word professor Van Riet op 1 Januarie 1975 in die departement Landskapargitektuur aan die Universiteit van Pretoria aangestel, waar hy uiteindelik, naamlik op 1 Januarie 1988 tot professor in en hoof van hierdie departement bevorder word.

Prof Van Riet se belangstelling in landskapargitektuur kan teruggevoer word na sy noue kontak met ongeskonde landskappe van Suid-Afrika tydens talle riviervaarte in die suidelike gedeelte van Afrika. As kanovaarder het hy ook Springbokkleure in 1967, 1969 en 1970 verwerf, met talle van die belangrikste kanowedvaarttitels in Suid-Afrika op sy kerfstok. Hierdie belangstelling tesame met sy argiteksopleiding het hom destyds geïnspireer om verder te studeer aan die Universiteit van Pennsylvania onder die leiding van die bekende Ian McHarg.

As dosent, telkens saam met sy studente, het hy talle belangrike navorsingsprojekte gedurende die afgelope 14 jaar in verskeie dele van Suid-Afrika aangedurf. Hierdie projekte het nuwe rigtings in die dissipline van landskapargitektuur uitgewys: projekte soos beplanning en ontwikkeling van die Pilanesberg Nasionale Park, die T E Martins-tonnel deur die Magaliesberg, die ekologiese beplanning van Maputaland, die beplanning en ontwikkeling van die Berg-en-Dal-ruskamp in die Nasionale Kruger-wildtuin, en verskeie omgewingsinvloed-studies. Hy spits hom dan ook toe op ekologiese beplanning as dissipline en rigting binne landskapargitektuur.

Professor Van Riet is ook bedrywig op nie-akademiese vlak en was onder meer President van die Instituut van Landskapargitekte. Tans is hy Vise-president van die Habitaatraad.

Sy huidige akademiese belangstelling lê veral in die ontwikkeling van geografiese inligtingstelsels en die uitbouing van die navorsingsarm van die departement Landskapargitektuur.

LIBRARY SERVICES/BIBLIOTHEKDIENSTE
 UNIVERSITY OF PRETORIA
 2009-05-18
 70K 363.7063
 Item: 118813021 UAW RIET

~~LIBRARY SERVICES/BIBLIOTHEKDIENSTE
 UNIVERSITY OF PRETORIA
 2009-05-18
 Shelf: 1
 Item: 118813021~~

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Van Riet te versoek om sy professorale intrede te lewer oor die onderwerp "Geïntegreerde Omgewingsbestuur. 'n Oplossing vir die ontwikkelings/bewaringskonflik in Suid-Afrika".

Prof D M Joubert
VISE-KANSELIER EN REKTOR

GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSBESTUUR. 'N OPLOSSING VIR DIE ONTWIKKELINGS- BEWARINGSKONFLIK IN SUID-AFRIKA

INLEIDING

Gedurende 1970 is daar in die Verenigde State van Amerika 'n belangrike wet (National Environmental Policy Act), in verband met omgewingsbewing, aanvaar. Hierdie nuwe wetgewing was van groot belang in die ontwikkeling en beskerming van natuurlike hulpbronne in die VSA. In die jare wat daarop volg is talle nuwe ontwikkelingsvoorstelle deur hierdie wet gedwing om omgewingsinvloedstudies (Environmental Impact Assessment EIA) te voltooi voordat enige permitte vir ontwikkeling toegestaan is.

Aanvanklik was die implementering van hierdie wetgewing deur die uitvoering van omgewingsinvloedstudies (EIA) gesien as 'n reaktiewe middel wat gebruik was om projekte wat reeds 'n gevorderde stadium van ontwerp bereik het, te evalueer. Weens die beperkte perspektief van die wetgewing was dit gesien as 'n negatiewe proses wat geweldige vertragsings meegebring het en groot koste by die ontwikkelingsprojek gevoeg het. 'n Verdere probleem in verband met die invloedstudies was, dat dit slegs op projekte van toepassing was en nie op programme en/of die beleide van verskillende Staatsdepartemente nie.

Gedurende 1989 sal 'n nuwe Wet op die Omgewing in Suid-Afrika geproklameer word. Hierdie wetgewing volg op die Nasionale Beleid van 1980 betreffende omgewingsbewing, die verslae van die Beplanningskomitee van die Presidentsraad (PC 2/1984, PC 5/1984) asook verskillende bydraes van ander instansies soos die Raad vir die Omgewing en die Habitatraad. Hierdie nuwe Wet op Omgewingsbewing formuleer 'n nuwe holistiese benadering ten opsigte van die ontwikkeling en beskerming van natuurlike hulpbronne en vereis ook dat sekere vorms van omgewingsverslae vir projekte met 'n hoë omgewingsinvloed vereis word.

Ten einde die implementering van omgewingsinvloedstudies te vergemaklik en om die probleme in verband met die toepassing van soortgelyke wetgewing in die VSA te oorkom, het die Raad vir die Omgewing onder leiding van prof P R Botha, 'n komitee vir omgewingsinvloedstudies saamgestel en versoek dat 'n unieke prosedure, eie aan die Derde-Wêreld omstandighede soos in Suid-Afrika gevind word, ontwikkel word. Die Departement Landskapargitektuur

het deur middel van prof Van Riet 'n belangrike bydrae op hierdie komitee se werksaamhede gelewer.

Hierdie komitee het na 'n aantal jare se navorsing en studie 'n stel riglyne vir die identifisering van omgewingsinvloed voorgestel, naamlik Geïntegreerde Omgewingsbestuur. Hierdie dokument is reeds gedruk en by die Raad vir die Omgewing beskikbaar. Uit die aard van die samestelling van die komitee, het 'n aantal spesialiste in omgewingsake vanoor die hele land bydraes gelewer. Die sukses van hierdie prosedure is grootliks te wyte aan die insette van individue soos mnr Roy Stauth en prof Richard Fuggle van die Universiteit van Kaapstad.

Hierdie prosedure stel riglyne aan die drie belangrikste groepe wat gewoonlik by voorstelle betrokke is, nl: Die Ontwikkelaar, die Besluitnemer en die Publiek van Suid-Afrika, wat in verband met alle aspekte van die gebruik van natuurlike hulpbronne soos dit deur Staatsbeleid, programme en projekte beïnvloed word.

Hierdie prosedure gaan bo en behalwe die addisionele verantwoordelikhede wat dit op die Staat, die Ontwikkelaar en die Publiek plaas, ook nuwe vereistes aan die ekologiese en professionele beplanningsdissiplines stel. Dit is dus vanweë die holistiese omgewingsbeplannings-benadering wat deur die Departement van Landskapargitektuur gevolg word in die opleiding van studente, duidelik dat hierdie profesie by uitstek geskik is om die rol van konsultant tydens die opstel van Geïntegreerde Omgewingsbestuurstudies, te speel. Daar word dus voorsien dat daar in die toekoms nuwe vereistes aan die Departement van Landskapargitektuur gestel sal word in die vraag na omgewingsdeskundiges te voorsien.

DIE GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSBESTUUR-PROSEDURE (GOB)

Geïntegreerde omgewingsbestuur stel 'n aantal stappe waarvolgens verskillende aksies betreffende die benutting van die omgewing geëvalueer behoort te word, voor.

Kategorieë van voorgestelde aksies:

Geïntegreerde Omgewingsbestuur is betrokke by alle aspekte van omgewingshulpbron-toekenning vanaf die konsepstadium deur die verskillende fases van 'n projek tot by die uitvoeringsfases. Verder is die GOB ook betrokke by beleid en programme soos deur die Staat geformuleer word van tyd tot

tyd. Die eerste stap in die GOB-prosedure behels die identifisering van die kategorieë van voorgestelde aksies.

1. *Beleid* is verklarings van algemene voorneme wat riglyne voorstel vir meer spesifieke aksies. Die beleid van apartheid is seker die beste voorbeeld van hoe politieke besluite die omgewing van 'n land kan beïnvloed.
2. *Programme* is gewoonlik 'n reeks van planne of sistematiese aksies wat die verskillende beleidsbesluite navolg.
3. *Projekte* is spesifieke ontwikkelingsaksies met duidelik waarneembare invloede op die omgewing. Hierdie kategorie is gewoonlik die een wat belangstelling van die publiek die meeste trek. Dit is egter duidelik dat besluite in verband met beleid of programme ook 'n geweldige invloed op die omgewing kan uitoefen.

Stadiums van voorstelimplementering

Alle voorstelle, of dit nou in verband staan met beleid, programme of projekte, gaan deur vier stadiums van ontwikkeling.

1. *Die konsepontwikkelingstadium.* Dit behels die ontwikkeling van 'n konsep om aan 'n spesifieke vraag te beantwoord.
2. *Die evalueringstadium.* Dit behels die evaluering van spesifieke voorstelle en sluit die tradisionele omgewingsinvloedstudies in.
3. *Die besluitnemingstadium.* Hierdie stadium behels die identifisering van die mees geskikte alternatief en die goedkeuring van spesifieke voorstelle.
4. *Die implementeringstadium.* Die implementering van die aksie en verseker die suksesvolle voltooiing daarvan, word in hierdie stadium beskou.

1. Die konsepontwikkelingstadium

Tydens die ontwikkeling van konsepvoorstelle is dit belangrik om 'n aantal alternatiewe voorstelle wat aan die geïdentifiseerde vraag kan beantwoord, te ondersoek. Die verskillende omgewingskategorieë wat deur alternatiewe projekvoorstelle beïnvloed kan word, moet reeds in hierdie vroeë stadium ondersoek word. Dit is duidelik dat baie van die omgewingsinvloede reeds tydens die aanvanklike beplanningstadium vermy kan word, indien die omgewing as 'n basis vir beplanning gebruik word. Alhoewel hierdie gebruik

van die omgewing tydens beplanning vir Landskapargitekthe bekend is, vind dit nie by alle ander vorms van beplanning plaas nie. Hierdie tipe beplanningsproses kan in 'n groot mate meeste omgewingsinvloede reeds op 'n vroeë stadium uitskakel.

2. Die evalueringstadium

Aangesien verskillende voorstelle verskillende omgewingsimplikasies meebring, is dit duidelik dat evalueringstegnieke vir verskillende aksies van mekaar sal verskil. In die vroeë ontwikkeling van omgewingsinvloedstudies in die VSA het dit gebeur dat projekte met 'n baie lae orde van invloed op die omgewing aan geweldig duur en intensiewe studies onderwerp was, alhoewel dit baie duidelik was dat hierdie projekte nie 'n groot invloed op die omgewing sou kon uitoefen nie. 'n Sentrale gedagte in omgewingsbestuur is dat 'n sekere vorm van keuring (screening) in verband met die verskillende voorstelle uitgeoefen moet word. Die hoofdoelstelling van keuring is om te bepaal watter voorstelle wel belangrike invloede op die omgewing sal kan uitoefen en om dan hierdie projekte aan 'n intensiewe omgewingsinvloedstudie onderhewig te maak. Ander voorstelle, waarvan die invloed duidelik minder belangrik is, moet dan so gou moontlik met 'n ander vorm van omgewingsverslag, toegelaat word om voort te gaan.

Hierdie klassifisering van voorstelle is uiters belangrik om vertraging en onnodige onkoste in 'n snel ontwikkelende land soos Suid-Afrika te vermy. Hierdie is 'n sleutelaspek van die GOB-prosedure. Daar word voorgestel dat drie klasse van evaluering geskep word.

1. *Klas een voorstelle:* Voorstelle wat duidelik 'n dramatiese invloed op die omgewing kan uitoefen en aan 'n indiepte-onderzoek onderhewig moet wees.
2. *Klas twee voorstelle:* Voorstelle waar daar onduidelikheid kan bestaan ten opsigte van die orde, grootte van die invloed en/of verdere studie benodig word om die omgang van invloed te kan bepaal.
3. *Klas drie voorstelle:* Voorstelle waar daar duidelik geen noemenswaardige invloed op die omgewing bestaan nie en waar onmiddellik met die uitvoering voortgegaan kan word.

Omvangbepaling (Scoping). Indien voorstelle of projekte as 'n klas een tipe voorstel geklassifiseer is, is dit belangrik dat die publiek betrek word by 'n bepaling van die werklike omvang en identifisering van invloede. Die

doelstelling van omvangbepaling is om die belangrikste omgewingskategorieë wat deur die voorstel geraak gaan word, te identifiseer. Dit is belangrik dat die publiek, asook die besluitnemende instansie, by omvangbepaling betrek word. Hierdie bepaling is 'n belangrike stap om onnodige navorsing en tyd en kostes te vermy.

3. Besluitnemingstadium

Tydens die besluitnemingstadium word die projek goedgekeur of afgekeur of herontwerp. Hierdie besluite moet egter formeel in 'n dokument uitgespel word sodat die rede vir die besluite aan alle partye soos die publiek, ontwikkelaar en die besluitnemer duidelik op skrif gestel word. In hierdie fase word ook voorgestel dat appèl teen die besluit deur enige van die drie groepe aangeteken kan word.

4. Implementeringsfase

Hierdie fase is betrokke by die uitvoering van die voorstelle en by hierdie stadium moet daar seker gemaak word dat die verskillende maatreëls, soos ontwikkel in die voorafgaande drie stadiums wel tydens uitvoering geïmplementeer word. Daar moet dus ruimte gelaat word vir die opstel van 'n omgewingsbestuurplan vir die monitering van die omgewingsbestuursvoorstelle en vir die finale evaluering van die projek om vas te stel wat die sukses of mislukking van die verskillende voorstelle veroorsaak het. Hierdie moniteringstadium is belangrik om vir verdere projekte in die toekoms van hulp te wees.

SLOT

Geïntegreerde omgewingsbestuur kan 'n oplossing bied vir die bewarings/ontwikkelingskonflik in Suid-Afrika. Die proses moet nou op verskillende voorstelle en projekte getoets word om te bepaal of die verskillende stappe wel in die praktyk uitvoerbaar is. Die toekomstige sukses van geïntegreerde omgewingsbestuur sal deur sy geslaagde gebruik in die praktyk bepaal word.

VERWYSING

COUNCIL FOR THE ENVIRONMENT 1989 — Integrated Environmental Management in South Africa. Joan Lötter Publications.

SUMMARY

In response to pressure from the public to alleviate the environmental impact of development, two important events occurred during 1989.

In the first instance a new law on the environment was published, resulting in some form of environmental impact assessment becoming essential.

In the second instance the Council for the Environment developed a procedure for completing these environmental assessments. The first procedure is called Integrated Environmental Assessment or IEM.

This procedure contains four stages, the proposal generation stage, assessment stage, decision stage, and the implementation stage. One of the main aims of this process is to allow for development to take place whilst at the same time to protect the various natural resources of the region.

The second important aim of the process is to speed up the process of evaluation and decision making so that the necessary development in South Africa is not unduly retarded.

The IEM process offers a solution to the environmental problems of the developing countries such as South Africa and should make an important contribution to realistic conservation.